**Sondag 18 Junie**
**Skrifgedeelte: Kolossense 3:16-25; 4:1**
**Fokusgedeelte: Kolossense 3:20-21**
**Die Here plaas kinders en ouers in wedersydse verantwoordelikheid teenoor mekaar**

"Kinders is die kerk van die toekoms", so hoor ons soms. Is dit so? Kinders was deel van die verbondsvolk van God in die Ou Testament (Gen. 17:9-14). Net soos in Efesiërs 6:1, het die apostel kinders direk in sy brief aan die Kolossense aangespreek. Die kinders was dus as gemeentelede in die samekoms van die gemeente teenwoordig toe die brief voorgelees is. Ook vandag is kinders volkome deel van die gemeente van Christus.

Soos in Efesiërs 6:1, gee die apostel in die Here se Naam die opdrag dat gemeentekinders hulle ouers moet gehoorsaam. Aan die Kolossense voeg hy by: "... in alle dinge" (Kol. 3:20). Dit is gegrond op die vyfde gebod. Toe sy ouers hulle seun Jesus in die tempel in Jerusalem opspoor, was sy antwoord op hulle kommer dat Hy met die dinge van sy Vader besig moes wees. Terug in Nasaret het Hy tog sy ouers gehoorsaam (Luk. 2:49, 51).

Gehoorsaamheid dra God se goedkeuring weg. Ongehoorsaamheid is weer 'n teken van goddeloosheid en die afval van die laaste dae (Rom. 1:30; 2 Tim. 3:1). Dit pas daarom geensins by 'n verbondskind nie.

Die apostel kyk ook na die ander kant van die verhouding. Hy gee opdrag aan die vaders om nie hulle kinders te terg, treiter of gedurig by hulle fout soek nie (Kol. 3:21). Die ouer moenie verset of moedeloosheid by sy kind ontlok nie. Ouers moet so optree dat dit vir die kind 'n vreugde is om die vyfde gebod na te kom. 'n Atmosfeer van wedersydse liefde, aanvaarding en vertroue verseker dat gehoorsaamheid nie 'n plig is nie, maar 'n voorreg.

Die Here plaas in sy Woord ouer en kind wedersyds in verantwoordelikheid teenoor mekaar, sodat die gesin Hom in hulle doen en late kan vereer.

*Sing: Skrifberyming 9-1:7*

*Ds. JH Jordaan (Johan) (emeritus)*